

Privaatheidskennisgewing

Die beskerming van jou persoonlike data is vir ons belangrik. Knorr-Bremse verwerk dus jou persoonlike data in ooreenstemming met die toepaslike wetgewing oor databeskerming en datasekuriteit.

Hierdie privaateheidskennisgewing gee besonderhede oor hoe ons jou persoonlike data verwerk in verband met Knorr-Bremse se globale werknemersopname.

1. Beheerder

Die beheerder vir die verwerking van jou persoonlike data is

Knorr-Bremse AG
Moosacher Str. 80
80809 München
Duitsland
Tel.: +49 89 3547-0
e-posadres: info@knorr-bremse.com

Die kontakbesonderhede van die databeskermingsbeampte is:

Databeskermingsbeampte van Knorr-Bremse-groep
Moosacher Str. 80
80809 München
e-posadres: datenschutzbeauftragter@knorr-bremse.com

2. Oorsprong, doelwitte en regsbasis vir die verwerking van persoonlike data

Die volgende persoonlike data word verskaf deur jou werkgewer (die Knorr-Bremse-groepmaatskappy met wie jy 'n indiensnemingsverhouding het) en word gebruik om deelname aan 'n opname, die rapportering van opnameresultate en -neigings, asook die beplanning en implementasie van verbeteringsmaatreëls moontlik te maak:

- Personeelnommer (unieke gebruiker-ID)
- Voornaam
- Van
- Werknemer-e-posadres
- Werknemerstatus
- Bestuurder-ID
- Geboortejaar
- Diensdatum
- Uitvoerende streekraad
- Area, departement
- Afdeling
- KB-streek
- Maatskappykode
- Land
- Ligginggroep
- Werkfamilie

- Werksubfamilie
- Werknemerklas
- Werknemertipe
- Geslag
- Bestuursvlak
- Taalvlak
- Bestuurder (ja/nee)

Jy kan ook persoonlike data direk aan ons voorsien wanneer jy opnamevrae beantwoord. Let asseblief daarop dat opnames vrye teksvelde kan bevat. Ons beveel sterk aan dat jy nie persoonlike data in jou antwoorde in vrye teksvelde verskaf nie, om die vertroulikheid van jou antwoorde te behou.

Die regsbasis vir die verwerking van jou persoonlike data is Knorr-Bremse se wettige belang om werknemermotivering en -bevrediging in die groep te verbeter, gebaseer op gereelde werknemeropnames ooreenkomstig Art. 6 para. 1 lit. f van die EU se algemene databeskerminsregulering.

3. Ontvangers van die data

Antwoorde sal slegs in die rapportering vir 'n departement, besigheidseenheid of maatskappy ingesluit word indien die opname deur ten minste vyf deelnemers in daardie area voltooi is, om te verseker dat antwoorde nie aan individuele werknemers gekoppel word nie.

Vir administratiewe doeleindes sal toegewese sleutelgebruikers in die globale menseontwikkelingsdepartement toegang tot die persoonlike data hê. Die opnameresultate vir 'n spesifieke span, departement, besigheidseenheid of maatskappy (insluitend die naam en organisasiedata van daardie area se bestuurder) is beskikbaar vir verantwoordelike Bestuur (tot op Bestuursvlak 1), sowel as die Hoof van mensehulpbronne en mensehulpbronnebesigheidsvennoot vir daardie area.

Die Knorr-Bremse-werknemeropname en enige data wat in verband met die werknemeropname ingesamel en verwerk word, word namens Knorr-Bremse in die EU gehuisves deur LinkedIn Ireland, Unlimited Company, Wilton Plaza, Wilton Place, Dublin 2, Ireland. (LinkedIn se privaatheidskennisgewing kan hier gevind word: [Glint English UK DPS.pdf \(glintcdn.com\)](https://www.linkedin.com/legal/privacy-policy)). Vir ondersteuningsdoeleindes kan toegang tot persoonlike data verkry word vanaf lande buite die EU/EEA wat nie dieselfde vlak van databeskerming as die EU verskaf nie. In sulke gevalle sal Knorr-Bremse genoegsame databeskerminsmaatreëls implementeer om jou persoonlike data te beskerm, insluitend kontraktuele ooreenkomste op grond van die EU se standaard kontraktuele klousules.

4. Duur van berging

Jou voornaam, van en e-posadres sal ses weke na die end van die relevante werknemeropname geskrap word. Indien jy 'n bestuurder is of (administratiewe) toegangsregte tot die opnameplatform het, sal jou data ná die individuele opnames vir die duur van jou indiensnemingsverhouding gestoor word vir die implementering en monitering van verbeteringsmaatreëls. In ieder geval sal jou persoonlike data binne drie maande nadat jy Knorr-Bremse verlaat het, geskrap word. Ons sal jou persoonlike data ook skrap indien Knorr-Bremse besluit om die Knorr-Bremse-werknemeropnameplatform te termineer.

6. Jou regte

Onderworpe aan die vereistes wat deur die GDPR gestipuleer is, het jy die volgende regte:

- toegang tot jou persoonlike data,
- die regstelling van verkeerde of onvolledige data,
- skrapping van jou persoonlike data,
- beperking van die verwerking van jou persoonlike data,
- die reg om jou persoonlike data in gestruktureerde, algemeen-gebruikte en masjienleesbare formaat te ontvang en die oordrag van daardie data na 'n ander beheerder,
- om beswaar te maak teen die verwerking van jou persoonlike data.

Indien jy enige vrae het aangaande die werknemeropname, kontak **GES@knorr-bremse.com**.

Indien jy jou regte wil uitoefen of enige vrae aangaande databeskerming by Knorr-Bremse het, kontak die Knorr-Bremse-databeskerdingsorganisasie by **privacy@knorr-bremse.com**.

Ons neem jou versoeke baie ernstig op en is toegewyd daaraan om enige van jou bekommernisse aan te spreek. Nieteenstaande het jy die reg om te eniger tyd 'n klag by enige bevoegde databeskerdingsoutoriteit in te dien. In Bavaria is die bevoegde toesighoudende outoriteit die Bayerisches Landesamt für Datenschutzaufsicht (BayLDA), Promenade 18, 91522 Ansbach, Duitsland.